



GRAAD 10 – VRAESTEL

Bestek	
Ou Testament	Psalm 1-3, 8, 10 (35 punte)
Nuwe Testament	Markus 3-4 (35 punte)
LES	Les 1-9 (30 punte)
TOTAAL	OT + NT + Handboek = 100 punte

Afdeling A - Psalm 1-3, 8, 10

Vraag 1: Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 In geheel handel psalm 1 oor die _____. (Ps. 1)
a) Wet b) twee weë c) goddelose d) regverdige
- 1.2 Die goddelose mens is soos _____ wat die wind verstrooi. (Ps. 1:4)
a) kaf b) stof c) gras d) hooi
- 1.3 “_____ die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie;” (Ps. 2: 12)
a) groet b) kus c) vergewe d) aanbid
- 1.4 Dawid het vir _____ gevlug in Ps. 3. (Ps.3:1)
a) Abimeleg b) die Here c) Absalom d) Saul
- 1.5 U het hom weinig minder gemaak as n goddelike _____ en hom met eer en heerlijkheid gekroon. (Ps. 8:6)
a) engel b) skepsel c) prins d) wese
- 1.6 “U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy _____ gestel.” (Ps.8:7)
a) gesag b) bestuur c) voete d) beheer
- 1.7 “In sy _____ vervolg die goddelose die elendige.” (Ps. 10:2)
a) hoogmoed b) trotsheid c) verwaandheid d) sterkte
- 1.8 “Want die _____ juig oor die begeerte van sy siel;” (Ps. 10:3)
a) goddelose b) regverdige c) sondaar d) gelowige
- 1.9 Die Here het die begeerte van die _____ gehoor. (Ps.10:17)
a) goddelose b) ootmoediges c) skelms d) dwase
- 1.10 “Ek sal nie vrees vir _____ van mense wat rondom teen my gereed staan nie.” (Ps.3:7)
a) duisende b) honderde c) tienduisende d) honderdduisende

Vraag 2: Vul die ontbrekende woord op die antwoordstel in:

kakebeen, spot, voorspoedig, heil, vloek, mens, Welgeluksalig, luid, moeite, lag

- 2.1 “_____ **A** _____ is die man nie wandel in die raad van die goddelose en” (Ps.1:1)
- 2.2 “alles wat hy doen voer hy _____ **B** _____ uit.” (Ps. 1:3)
- 2.3 “Hy wat in die hemel woon, _____ **C** _____; Die HERE _____ **D** _____ met hulle.” (Ps. 2:4)
- 2.4 “Baie sê vir my: Daar is geen _____ **E** _____ vir hom by God nie.” (Ps.3:3)
- 2.5 “Want U het al my vyande op die _____ **F** _____ geslaan;” (Ps. 3:8)
- 2.6 “_____ **G** _____ roep ek die HERE aan, en Hy verhoor my van sy heilige berg.” (Ps. 3:5)
- 2.7 “Wat is die _____ **H** _____ dat U aan hom dink?” (Ps. 8:5)

- 2.8 “Sy mond is vol van _____ I _____ en van bedrog en verdrukking; onder sy tong is _____ J _____ en onreg.” (Ps.10:7)

Vraag 3: Vul in op jou antwoordstel: Waar of Vals

- 3.1 Die regverdige sal wees soos n boom wat geplant is in goeie grond. (Ps. 1:3)
3.2 Die goddelose sal bestaan in die oordeel en die sondaar in die vergadering van die regverdiges. (Ps. 1:5)
3.3 Die nasies woel en bedink nietige dinge. (Ps.2:1)
3.4 Die konings moet hulle laat waarsku. (Ps.2:10)
3.5 Die HERE is n kombers wat my beskut. (Ps. 3:4)
3.6 Abimeleg is Dawid se seun. (Ps.3:1)
3.7 Uit die mond van ouers en kinders het U sterkte gegrondves, om U teenstanders ontwil, om u vyande en wraakgieriges stil te maak. (Ps. 8:3)
3.8 God het die mens aangestel om oor sy skepping te heers. (Ps.8:7)
3.9 Die goddelose sê in sy hart dat hy nie sal wankel nie en nie in ongeluk sal wees nie. (Ps. 10:6)
3.10 Die HERE is Koning vir ewig en altyd. (Ps. 10:16)

Vraag 4: Vul die ontbrekende woord op die antwoordstel in:

oordink; beskut; vrees; behae; skild;

- 4.1 “Maar U HERE, is n _____ wat my _____ , my eer en die Een wat my hoof ophef. (Ps. 3:4)
4.2 Die regverdige se _____ is in die wet van die HERE, en hy _____ sy wet dag en nag. (Ps.1:2)
4.3 “Dien die HERE met _____ , en juig met bewing. (Ps. 2:11)

35 Punte

Afdeling B - Markus 3 - 4

Vraag 5: Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Jesus genees die man se hand in Markus 3 op die _____ ? (Mrk. 3: 2)
a) Sondag b) Eerstedag c) Derdedag d) Sabbat
5.2 Jesus het die man met die verdorde hand beveel om _____. (Mrk. 3:3)
a) op te staan b) stil te bly c) te bly sit d) gesond te word.
5.3 Die Fariseërs het met die _____ raad gehou om Jesus dood te maak. (Mark. 3:6)
a) Saduseërs b) Herodiane c) Skrifgeleerdes d) Sanherdin
5.4 Jesus het die twaalf aangestel om by Hom te wees sodat Hy hulle kon _____ om te preek. (Mrk. 3:14)
a) leer b) onderrig c) uitstuur d) bemoedig
5.5 Jesus het aan Simon die bynaam _____ gegee. (Mrk. 3:16)
a) seun van die donder b) Boanerges c) Petrus d) Alfeus
5.6 Voltooi: “Niemand kan in die huis van ’n _____ man ingaan en sy goed roof as hy nie eers” (Mrk.3:27)
a) reuse b) groot c) gewapende d) sterk
5.7 Voltooi: “wie teen die _____ gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel.” (Mrk 3:29)
a) Drieenige God b) die Vader c) Heilige Gees d) die Seun
5.8 Die saad wat in die dorings geval het is deur die dorings _____. (Mrk. 4:7)

- a) omsingel b) verstik c) uitgedruk d) gesteeek
- 5.9 Voltooi: "vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse, sodat hulle kan kyk en kyk, en nie _____ nie;" (Mrk. 4:12)
- a) sien b) weet c) verstaan d) glo
- 5.10 In die gelykenis saai die saaiër die _____. (Mrk. 4:14)
- a) saad b) woord c) ongeregtigheid d) geregtigheid

Vraag 6: Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

gegee, skaduwee, diepte, wind, weggeneem, grond, see, Satan, takke, Satan,

- 6.1 **Mrk. 3:23** "23En Hy het hulle na Hom geroep en vir hulle deur gelykenisse gesê: Hoe kan die A die B uitdryf?"
- 6.2 **Mrk. 4:5** "5En 'n ander deel het op 'n rotsagtige plek geval waar dit nie baie C gehad het nie; en dadelik het dit opgekom, omdat dit geen D van grond gehad het nie."
- 6.3 **Mrk. 4:25** "25Want wie het, vir hom sal E word; en wie nie het nie, van hom sal F word ook wat hy het."
- 6.4 **Mrk. 4:32** "32en wanneer dit gesaai is, kom dit op en word groter as al die groentesoorte en maak groot G, sodat die voëls van die hemel onder sy H nes kan maak.."
- 6.5 **Mrk. 4:41:** "41En 'n groot vrees het hulle oorweldig, en hulle het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog, dat selfs die I en die J Hom gehoorsaam is!"

Vraag 7: Vul die antwoord op die antwoordstel in: Waar of Vals

- 7.1 Jesus het die Fariseërs met toorn aangekyk en was tegelykertyd ook hartseer. (Mrk. 3:5)
- 7.2 Jesus het aan sy dissipels gesê dat 'n skuitjie altyd vir Hom gereed moes lê ingeval die skare Hom dalk vas sou druk. (Mrk. 3:9)
- 7.3 Jesus het twaalf dissipels aangestel sodat hulle Hom kon bedien. (Mrk. 3:14)
- 7.4 Boanêrges beteken seuns van die donker. (Mrk. 3:17)
- 7.5 Jesus se mense het Hom gesoek want hulle het gesê Hy dink nie reg nie. (Mrk. 3:21)
- 7.6 Daar is nie een sonde wat nie vergewe kan word nie. (Mrk. 3:29)
- 7.7 Jesus was so deurmekaar dat HY nie sy moeder en sy broers geken het nie. (Mrk. 3:33)
- 7.8 Die saad wat op die rotse geval het kon dadelik opkom. (Mrk. 4:5)
- 7.9 Die saad waarvan gepraat word is eintlik Bybels. (Mrk. 4:14)
- 7.10 Wie ore het om te hoor moet luister wat gesê word deur die gelykenisse. (Mrk. 4:23)

Vraag 8: Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Waar moet mens die lamp sit om vir almal te skyn? (Mrk. 4:21)
- 8.2 Hoeveel voudig het die saad wat op goeie grond geval het vrug gelewer? (Mrk. 4:8) (3Punte)
- 8.3 Wie was die seun van Alfêus? (Mrk. 3:18)

35 punte

Afdeling C - Les 1-9

Vraag 9: Vul jou antwoorde op die antwoordstel in: Waar of Vals.

- 9.1 God het party mense uitverkies voor die grondlegging van die wêreld af om sy kinders te wees. (Les 1)
- 9.2 Om God se koninkryk in te gaan moet jy weer gebore word. (Les 1)
- 9.3 Die voortdurende styd teen die sonde lei tot gereelde bekering. (Les 2)
- 9.4 Ek kan self die besluit neem tot my ware bekering. (Les 2)
- 9.5 Dit is nie moontlik om gered te word sonder bekering nie. (Les 2)
- 9.6 Goeie werke is: As ek iemand in nood help sodat ek weer gehelp kan word as ek eendag in nood is. (Les 3)
- 9.7 Die tien gebooie handel oor liefde. (Les 4)
- 9.8 Ons onderhou die wet van die Here sodat ons gered kan word. (Les 4)
- 9.9 Sport, geld, mag, rykdom, plesier ens. kan alles moderne afgode in ons lewe wees. (Les 5)
- 9.10 Om te dobbel is sonde omdat ons vertrou op die geluksgoden geplaas word eerder as op God. (Les 5)

Vraag 10: Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

daad, afgodery, rusdag, rus, onderwerp, afbeelding, swyg, beelddiens, bese, eiesinnig

- 10.1 Die tweede gebod eis dat ons van God geen A mag maak nie. (Les 6)
- 10.2 As jy God aanbid soos wat **jy wil** dan is jy B en dit is gelyk aan C en D. (Les 6)
- 10.3 As iemand die naam van die Here laster en jy E, dan is jy saam met daardie persoon skuldig aan die sonde. (Les 7)
- 10.4 Ons moet die Here se naam bely met woord en F. (Les 7)
- 10.5 Die woord sabbat beteken G. (Les 8)
- 10.6 Ons moet nie net Sondae nie maar al die dae van die week van ons H werke I. (Les 8)
- 10.7 die vyfde gebod leer my dat ek my aan alle gesag oor my aangestel sal J. (Les 9)

Vraag 11: Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Voltooi: Die HK is ingedeel in drie dele nl. a) _____, b) _____, c) _____. (Les 1) (3)
- 11.2 11.3 Uit hoeveel dele bestaan die bekering van die mens? Gee die dele. (Les 2)(2)
- 11.3 Wat noem ons dit as ons sonder enige verdienste van ons kant af deur Christus uit ons elnde verlos word? (Les 1)
- 11.4 Watter deel van die saligheid kan jy met goeie werke verdien? (Les 3)
- 11.5 Wat is die bewys dat ek God lief het en dit nie net lippe diens is nie? (Les 4)
- 11.6 Watter gebod word oortree as ons beelde van God in die kerk sou plaas? (Les 6)
- 11.7 Wat is die belofte wat God aan ons gee in die vyfde gebod? (Les 9)

30 punte
Totaal: 100 punte